GESONDHEID

# Listeriose: Groepsgeding het sy eerste klaers

Deur Jana Marx | 29 Maart 2018 20:20

'n Polisievrou wie se baba met listeriose gebore is. Die pa van een van die agt kinder by die Klipspruit-dagsorgsentrum wat almal in die hospitaal beland het. 'n Ma wie se baba dood gebore is, en 'n sakeman wat na sy ma moet omsien nadat listeriose haar in die hospitaal se waakeenheid platgetrek het.

Dit is net vier van tien groepverteenwoordigers (klaers) in die sertifiseringsaansoek vi 'n groepsgeding wat Donderdag deur die menseregteprokureur Richard Spoor by die hooggeregshof in Johannesburg ingedien is.

Die verteenwoordigers is mense wat soortgelyke skade het as die groepslede en verteenwoordig die skade van die klas.

Die aansoek word teen Tiger Brands en Enterprise Foods gebring.

**"Die jongste aansoek is gebring omdat die aansoekers glo die handelsname het die Verbruikerswet oortree, en dat dit tot siekte, dood en ekonomiese verliese gelei het."**

Spoor, wat spesialiseer in siviele eise en groepsgedinge, werk saam met Marler Clark, 'n Amerikaanse regsfirma wat spesialiseer in voedselveiligheid.

Dis die tweede groepsgeding wat met listeriose verband hou, nadat LHL Attorneys, ook van Johannesburg, reeds 'n aansoek teen Tiger Brands, Enterprise en RCL Foods ingedien het, waarin hulle bykans R500 miljoen se skadevergoeding eis vir diegene wat deur listeriose geraak is.

Die jongste aansoek is gebring omdat die aansoekers glo die handelsname het die Verbruikerswet oortree, en dat dit tot siekte, dood en ekonomiese verliese gelei het.

Hulle voer verder aan die respondente het hul wetlike plig tot voedselveiligheid versuim en menseregte (soos die reg om te lewe, die reg om 'n ouer te wees en die reg om veilige voedsel te eet) geskend, soos dit in die Grondwet vervat is.

"Die respondente, wat bydra tot 'n derde van die mark se verwerkte vleisprodukte, was nie net traag om die sakesektor te lei in die hantering van die uitbreking nie, hulle het ook voete gesleep toe selfs rasionele stemme vir optrede gevra het en die regering ingegryp het," lui 'n gedeelte uit die aansoek.

Spoor identifiseer vier groepe (klasse) wat Enterprise-produkte van 23 Oktober 2016 tot 4 Maart 2018 ingeneem het: persone wat verwerkte vleis geëet het en siek geword het, babas en jong kinders wat die siekte opgedoen het omdat hul ma's die verwerkte vleis geëet het en siek geword het terwyl hulle swanger was, afhanklikes van mense wat dood is en mense wat vir die siekes se versorging verantwoordelik is

**“Dié groepsgeding, 'n baie groot en duur saak', word deur albei regsfirmas gefinansier.”**

LHL spesifiseer twee groepe: almal wat sedert 1 Mei 2017 die verwerkte vleis geëet het en siek geword het, en dan die afhanklikes van mense wat dood is nadat hulle die vleis geëet het.

Volgens dr. Theo Broodryk, hoof van die Universiteit Stellenbosch se regskliniek en senior lektor wat sy doktorsgraad in groepsgedinge gedoen het, is meer subklasse gewoonlik gunstiger vir 'n hof wat moet besluit of 'n groepgeding lewenskragtig is of nie.

"Hoe minder klasse daar is, hoe meer mense is daar per klas en hoe moeiliker is dit om hulle administratief te beheer en skadevergoeding te bereken," sê hy.

Spoor se groepsgeding word in twee gedeel. Hy versoek dat die hof eers aanspreeklikheid moet bevind, wat beteken die hof moet Tiger Brands en Enterprise met die klaers se bewerings verbind.

Eers dán sal elke klaer se skade bepaal word.

Voedselspesialiste van oor die wêreld heen is as kundiges genader om te getuig.

Dié groepsgeding, 'n "baie groot en duur saak", word deur albei regsfirmas gefinansier.

**“Die tendens internasionaal is dat daar in die oorgrootte meerderheid, in sommige lande tot soveel as 90%, van gesertifiseerde groepsgedinge geskik word.”**

Buiten vir die tyd wat die firmas hieraan afstaan, sê Spoor Bill Marler van Marler Clark sal 'n groot rol in veral die finansiering van kundiges en klaers speel.

Die respondente het vyf dae om die aansoekers in kennis te stel as hulle die aansoek gaan teenstaan. Gevolglik het hulle 15 dae om antwoordende verklarings in te dien.

Nevashnee Naicker, woordvoerder van Tiger Brands, sê die twee aansoeke word tans nog deur hul regsverteenwoordigers bestudeer.

"Ons kyk na die eise en, soos verantwoordelike korporatiewe landsburgers, sal ons die regte ding doen en op die regte manier reageer, as daar 'n verband is."

Dit is nie die eerste groepsgeding wat Spoor dryf nie en hy is vol vertroue dat hulle die "groot en komplekse litigasie" suksesvol sal kan deurvoer.

"Die tendens internasionaal is dat daar in die oorgrootte meerderheid, in sommige lande tot soveel as 90%, van gesertifiseerde groepsgedinge geskik word," aldus Broodryk.

**Meer oor:** Tiger Brands | Enterprise Foods | Richard Spoor | Groepsgeding | Listeriose | Gesondheid